iNSPiRASiE van die BYBEL

2 Timoteus 3:16 *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek."*

1. As gelowiges glo ons dat die Bybel God se **GEASEMDE** Woord is.

2. Vir elkeen wat die Bybel goed lees en geestelik hoor staan één ding sentraal: die **STEM** van God.

3. Onder alle boeke neem die Bybel 'n unieke plek in. Geskrywe deur **MENSE** is die Bybel tog direk van **GOD** afkomstig.

4. Ons bely dat die Bybel die **HOOGSTE GESAG** het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;

5. Ons bely dat die Bybel **BETROUBAAR** is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;

6. Ons bely dat die Bybel **DUIDELIK** is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;

7. Ons bely dat die Bybel **VOLDOENDE** is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam.

Hierdie belydenis beteken vir ons nié:

* dat die Bybel vereis dat ons ons DENKVERMOË, wat 'n gawe van God is, moet opoffer nie;
* dat die Bybel gesien kan word as 'n EKSAKTE HANDBOEK vir historiese of wetenskaplike kennis nie;
* dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;
* dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

Laat die Heilige Gees toe om 'n **LIEFDE** vir die Bybel in jou te kweek.

Laat die Heilige Gees toe om die Bybel vir jou nuut en vars te **LEER.**

Ervaar die avontuur daarvan om die radikale boodskap van die Bybel te **LEEF.**